Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IECONA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees die vrae aandagtig deur.

7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die prys wat op die mark vir 'n produk gekwoteer is en wat seine aan die kopers stuur word die … prys genoem.

A absolute
B relatiewe
C reële
D konstante

1.1.2 Besighede wat hulle eie pryse vasstel, word prys … genoem.

A -nemers
B -makers
C onderhandelaars
D soekers

1.1.3 Die koste wat reeds aangegaan is en nie weer verhaal kan word nie, word … koste genoem.

A versonke
B implisiete
C vaste
D veranderlike

1.1.4 As die prys van 'n pakkie sigarette gestyg het, sal die vraag daarna dieselfde bly, wat beteken die vraag na sigarette is …

A volmaak elasties.
B elasties.
C onelasties.
D eenheid elasties.

1.1.5 Wat word die degradering van grond in droë-lande genoem?

A Omgewingsagteruitgang
B Gronderosie
C Ontbossing
D Verwoestyning

1.1.6 Die gemiddelde tekorte van die totale bevolking van die armoedelyn is die …

A armoedestrik.
B armoedekoers.
C armoede-gaping.
D koppetellingkoers.

1.1.7 Internasionale handelsooreenkoms dispute word deur die … bemiddel.

A Verenigde Nasies
B Wêreld-Gesondheidsorganisasie
C Internasionale Monetêre Fonds
D Wêreld-handelsorganisasie

1.1.8 Hulpbronne wat uitgeput kan raak, indien dit nie op ’n volhoubare manier bestuur word nie, staan as … hulpbronne bekend.

A natuurlike
B eindigende
C mensgemaakte
D hernieubare (8 x 2) (16)

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Aanbod | A omskakeling van oop gebiede of plaasgrond na residensiële gebiede, handelsgebiede, kantore of oprigting van dorpe |
| 1.2.2 Lisensie | B saamgroepeer van lande om meer beheer oor die globale ekonomie te verkry |
| 1.2.3 Eksplisiete koste | C kopers en verkopers ontmoet |
| 1.2.4 Minderwaardige goedere | D wettige blokkasie tot toetrede |
| 1.2.5 Grondverbruik | E uitputting van hulpbronne, soos lug, grond en water |
| 1.2.6 Welsyn-afhanklikheid | F goedere teen ’n gegewe prys te koop aangebied |
| 1.2.7 Handelsblokke | G werklike besteding deur ’n besigheid wanneer ’n faktor-inset aangekoop word |
| 1.2.8 Omgewingsdegradering | H wanneer mense nie vir werk soek nie, omdat hulle daarop staatmaak om toelaes te ontvang |
| | I toename in inkome lei tot kleiner hoeveelhede van hierdie goedere wat aangevra word |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Minimum verdienste wat ŉ entrepreneur sal verhoed om sy produksiefaktore êrens anders aan te wend

1.3.2 Die waarde van die volgende beste alternatief wat opgeoffer is

1.3.3 Die totale bevrediging verkry uit die verbruik van ŉ produk

1.3.4 Meet die gelykheid en ongelykheid wat in of tussen groepe mense bestaan

1.3.5 Diere- of plantlewe wat in ernstige gevaar verkeer om uitgewis te word

1.3.6 ŉ Soort investering wanneer ŉ land ŉ besigheid in ŉ ander land oprig (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van komplementêre goedere. (2)

2.1.2 Hoe beïnvloed ŉ toename in vraag die prys van ŉ produk/diens? (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Wat verteenwoordig die skadu-gedeelte in die grafiek? (1)

2.2.2 Watter punt op die grafiek toon winsmaksimering aan? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die begrip *monopolie.* (2)

2.2.4 Verduidelik *toetrede* as ŉ kenmerk van ŉ monopolie. (2)

2.2.5 Maak gebruik van die inligting op die grafiek en bereken die wins of verlies. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**INKOME EN KOSTE SKEDULE OOR DIE KORTTERMYN**

| HOEVEELHEID | PRYS | TOTALE INKOME | TOTALE KOSTE | TOTALE WINS/VERLIES |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 90 000 | 0 | 60 000 | -60 000 |
| 1 | 90 000 | 90 000 | 110 000 | -20 000 |
| 2 | 90 000 | 180 000 | 160 000 | 30 000 |
| 3 | 90 000 | 270 000 | 200 000 | 70 000 |
| 4 | 90 000 | 360 000 | 250 000 | 110 000 |
| 5 | 90 000 | 450 000 | 310 000 | 140 000 |
| 6 | 90 000 | 540 000 | 380 000 | 160 000 |
| 7 | 90 000 | 630 000 | 460 000 | 170 000 |
| 8 | 90 000 | 720 000 | 550 000 | 170 000 |
| 9 | 90 000 | 810 000 | 650 000 | 160 000 |
| 10 | 90 000 | 900 000 | 760 000 | 140 000 |

2.3.1 Identifiseer, uit die tabel, die hoeveelheid waarteen wins gemaksimeer sal word. (1)

2.3.2 Op watter markstruktuur is bogenoemde data van toepassing? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *wins.* (2)

2.3.4 Waaruit bestaan totale koste? (2)

2.3.5 Maak gebruik van die inligting van bogenoemde data en teken 'n vraagkurwe. (4)

2.4 Bespreek kortliks die aard van die produk en prysbeheer as kenmerke van monopolistiese mededinging. (2 x 4) (8)

2.5 Ondersoek die belangrikheid van inkomste-elastisiteit van vraag vir besighede. (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van verbruikers-afval. (2)

3.1.2 Hoekom is dit voordelig vir ŉ land om by vryhandel betrokke te wees? (2)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**ARMOEDE: WÊRELDBANK BIED HUPSTOOT AAN LENINGS VIR AFRIKA**

Die Wêreldbank se nuwe president het planne aangekondig om lenings aan Afrika-lande ŉ hupstoot te gee, ten einde armoede te help beveg. Hy het onderneem om die bank se teen-armoede missie so op te stel dat dit meer van sy toelaes en lenings aan Afrika-lande toestaan.

Afrika is besig om armoede te verminder en daar is ietwat van ŉ daling in sommige lande, maar as ŉ geheel is daar ŉ styging in die aantal mense wat in uiterste armoede leef.

[Aangepas uit Northafricapost.com, 6 Mei 2019]

3.2.1 Identifiseer die soort armoede waarna in die uittreksel verwys word. (1)

3.2.2 Noem EEN kenmerk van armoede. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *armoede.* (2)

3.2.4 Verduidelik *gebrek aan hulpbronne* as ŉ oorsaak van armoede. (2)

3.2.5 Hoe word die Suid-Afrikaanse regering deur hoë vlakke van armoede in die land beïnvloed? (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**ABSOLUTE EN VERGELYKENDE VOORDELE VAN VRYHANDEL**

Lande oorweeg dit om met mekaar handel te dryf. Hulle besluit sal gebaseer word op of 'n land oor 'n absolute of vergelykende voordeel beskik.

**ILLUSTRASIE 1**

| LAND | MIELIES | MOTORS |
|---|---|---|
| LAND A | 80 | 150 |
| LAND B | 100 | 75 |

**ILLUSTRASIE 2**

| LAND | OLIE | LEMOENE |
|---|---|---|
| LAND A | 40 | 20 |
| LAND B | 30 | 10 |

3.3.1 Oor watter produk beskik **LAND A** 'n absolute voordeel? (1)

3.3.2 Wie het die teorie van vergelykende voordeel ontwikkel? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die begrip *vryhandel*. (2)

3.3.4 Verduidelik die teorie van absolute voordeel. (2)

3.3.5 Hoe is dit moontlik vir lande in **ILLUSTRASIE 2** om handel te dryf? (4)

3.4 Verduidelik kortliks handelsliberalisering en standaardisasie as oorsake van globalisasie. (8)

3.5 Hoe kan die mens 'n positiewe uitwerking op die omgewing het? (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE beginsels van volhoubare ontwikkeling. (2)

4.1.2 Hoekom is dit belangrik vir besighede om doelwitte te stel? (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**KRUIS-ELASTISITEIT VAN VRAAG**

**PRODUK X EN PRODUK Y IS SUBSTITUTE**

| PRYS VAN PRODUK X | HOEVEELHEID AANGEVRA VAN PRODUK Y |
|---|---|
| 50 | 100 |
| 60 | 150 |

4.2.1 Watter soort kruis-elastisiteit word in bostaande tabel voorgestel? (1)

4.2.2 Noem EEN voorbeeld van goedere vir kruis-elastisiteit van vraag, soos hierbo aangedui. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *kruis-elastisiteit van vraag.* (2)

4.2.4 Verduidelik *kruis-elastisiteit van onverwante goedere*. (2)

4.2.5 Gebruik die bostaande inligting en bereken die kruis-elastisiteit van vraag. (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE GLOBALE VERDEEL EN DIE ONGELYKE VERSPREIDING VAN RYKDOM TUSSEN DIE NOORDE EN DIE SUIDE**



4.3.1 Wat word deur die bostaande prentjie verteenwoordig? (1)

4.3.2 Watter deel van die aardbol, volgens bostaande prent, word deur ontwikkelende lande verteenwoordig? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *rykdom*. (2)

4.3.4 Onderskei tussen lande in die Noorde en lande in die Suide verdeel, in terme van vlakke van onderwys. (2)

4.3.5 Wat is die positiewe effekte van globalisasie op Suid-Afrika? (4)

4.4 Onderskei tussen *skaalvoordele* en *nie-skaalvoordele van ekonomie*. (8)

4.5 Evalueer die sukses van sosiale toelaes op armoedeverligting in Suid-Afrika. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt is om die hoofterm wat met die onderwerp van die vraag verband hou, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer kritiese /Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoër-orde slot behoort in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder om feit wat genoem is reeds, te herhaal.<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk.<br>• ŉ Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die kenmerke van ŉ volmaakte mark, in detail. (26 punte)
- Ondersoek die positiewe uitwerking van mededinging op markte. (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek openbare sektor inmenging as ŉ maatreël om volhoubare ontwikkeling te verseker. (26 punte)
- Ondersoek hoe internasionale handel die omgewing kan beïnvloed. (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou